MIKRO

WERK EN SKEP

# Afrikaans

## WEEK 4
## DONDERDAG

## Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# WEEK 4: 11-15 Mei 2020 Afrikaans: Tema Zoom-Zoom Platinum Handboek p.81-90

LAERSKOOL MIKRO

## SPEL:

**Soek die volgende woorde se betekenis op in ‘n woordeboek of google dit. Skryf die woord 5 keer uit en maak ‘n goeie sin met die woord.**

8) kringetjies
9) geblits
10) klets



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# TAALLEER:

## Hersien en leer die volgende INTENSIEWE VORME:

**INTENSIEWE VORME**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | baie dun is | **plankdun** |
| 2. | baie arm is | **brandarm** |
| 3. | baie soek is | **suikersoet/stroopsoet** |
| 4. | baie swaar is | **loodswaar** |
| 5. | baie duur is | **peperduur** |
| 6. | baie oud is | **stokoud/horingoud** |
| 7. | baie vinnig is | **blitsvinnig** |
| 8. | baie vet is | **spekvet** |
| 9. | baie maer is | **brandmaer** |
| 10. | baie reguit is | **pylreguit** |
| 11. | baie geel is | **goudgeel** |
| 12. | baie warm is | **vuurwarm** |



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# VERGELYKINGS:

Waar 2 dinge met mekaar vergelyk word.**Onthou 'n vergelyking het altyd die woordjie SOOS!**

## VERGELYKINGS

| | | |
|---|---|---|
| 1. | so vinnig soos | blits |
| 2. | hardloop soos die | wind |
| 3. | so glad soos | seep |
| 4. | so sterk soos 'n | bees |
| 5. | so siek soos 'n | hond |
| 6. | so tuis soos 'n vis in die | water |
| 7. | so hard soos | klip |
| 8. | so oud soos die | berge |
| 9. | so maer soos 'n | kraai |
| 10. | so arm soos 'n | kerkmuis |
| 11. | so reguit soos 'n | pyl |
| 12. | so swaar soos | lood |
| 13. | so soet soos | suiker |
| 14. | so dun soos 'n | plank |
| 15. | so geel soos | goud |



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Voltooi die volgende sinne deur die regte vergelyking in te vul.

- 1) so sterk soos 'n____________________
- 2) so rooi soos ______________________
- 3) so maer soos 'n____________________

# Gee die intensiewe vorme van die volgende woorde:

1) oud __________________
2) jonk___________________
3) leeg __________________
4) vol ____________________
5) koud __________________
6) wit ___________________

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

- VERGELYKINGS:
- 1) bees/os
- 2) bloed
- 3) kraai

- INTENSIEWE VORME:
- 1) stokoud/horingoud
- 2) bloedjonk
- 3) dolleeg
- 4) propvol
- 5) yskoud
- 6) spierwit


# LEESBEGRIP:p.84

Lees die storie van Maskai, die musiekjagter goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

n Legende

## Maskai, die muskietjagter van Malawi

**'n Legende sedert 1630**



Maskai was 'n lang, sterk man. Hy was deel van die Ngoni's, 'n sterk, ryk stam in Malawi.

Een somer het 'n klomp mense van die stam doodsiek geword en gesterf. Maskai was bekommerd. Een nag droom Maskai van duisende muskiete wat siekte oor die waters bring. Toe Maskai wakker word, weet hy dat hy die zoem van die muskiet moet keer.

Maskai het agtergekom dat lig muskiete aantrek. Hy het duisende vuurvliegies met fyn nette gevang. Die nette het soos vuurballe gelyk. Maskai het die wortels van 'n kremetartboom fyngekap, en met die gif van 'n adder en 'n skerpioen gemeng.

Maskai het honderde vuurballe by die rivier opgesit. Miljoene muskiete het gekom en Maskai het die gifmengsel oor hulle gespuit.

Binne sekondes was die gezoem tjoepstil.

Die mense het nie meer siek geword nie. Vandag word hy onthou as Maskai, die muskietjagter van Malawi wat die dodelike zoem kon stilmaak.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

## BEANTWOORD DIE VRAE IN GOEIE VOLSINNE!



### Post-lees: Verstaan die teks

Beantwoord die volgende vrae oor die legende:

1. Beskryf hoe Maskai gelyk het.
2. Hoekom was Maskai bekommerd oor sy stam?
3. Watter woorde in paragraaf 2 gebruik die verteller om te verduidelik hoe groot die probleem was?
4. Verduidelik hoe Maskai geweet het dat die muskiete die probleem was.
5. Waarvan het Maskai die vuurballe gemaak?
6. Hoekom het Maskai nie sommer bye gebruik om die muskiete te lok nie?
7. Wat was alles in die gifmengsel wat Maskai gemaak het?
8. Wat word bedoel met *binne sekondes was die gezoem tjoepstil*?
9. Hoe staan Maskai vandag nog bekend?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

LAERSKOOL MIKRO

ANTWOORDE (P. 84)

1. Lank en sterk.
2. 'n Groot groep mense het doodsiek geword en gesterf.
3. Duisende muskiete.
4. Hy het gedroom dat die muskiete vir die siekte verantwoordelik was.
5. Duisende vuurvliegies is in nette gevang.
6. Muskiete kom agter lig aan.
7. Die wortels van 'n kremetartboom is met die gif van adders en skerpioene gemeng.
8. Die muskiete het dadelik gesterf.
9. As die muskietjagter van Malawi.
10. Die Ngoni-stam het amper uitgesterf en die stam van 'n boom kan baie dik wees. Die lig is aan en Maskai lig die vuurballe op.

Laerskool Mikro Kopiereg ©